NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

Tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

www.ptawoodworkers.com

Maart 2016 **March 2016**

Die Maand se Nuus

Die voorsitter se sê 1

'n Spesiale mentor 3

Hoof maandvergadering 3

SomeThoughts on Workshop Crawls 4

Kabinetmakersbyeenkoms:

Nota

Hierdie uitgawe, en dié van die volgende maand of twee, het baie vêr agter geraak. My rekenaar het oneindig moeite begin gee. Dan was daar verskeie vakansiedae oor die tye wat ons vergaderings moes hou. Ek het 'n ander rekenaar gekry (sukkel nou om hom heel baas te raak) en die vakansiedae is vir eers bietjie verby. Dit word vertrou dat almal hiermee sal kan saamleef. Jammer vir die ongerief. (Redakteur)

Vanuit die Voorsitter se Stoel

Dit is nou twee maande sedert my verkiesing op 27 Januarie as voorsitter en komiteelid (vir die eerste keer). Om eerlik te wees – diep water en 'n dolle gejaag om alles onder die knie te kry, veral met dié dat ek ook baie aandag aan 'n klompie nuwe aspekte probeer gee. Terwyl ek nou hierdie bedrywige tyd in oënskou neem, besef ek (met dank en verligting!) dat die stormagtige tydperk reeds begin plek maak het vir 'n kalmer, meer bestendige tydperk. Dit voel beslis asof ek meer in beheer van die situasie raak!

Perhaps it is a good idea to give you a little peek into my life as chairman, or a better understanding of what has been happening behind the scenes. I arrived at the AGM, blissfully unaware that later that same evening I would be required to take over the reigns as captain of our ship. I was quite taken by surprise, and obviously unprepared, but was required to "make a speech', in the process trying to reassure members about the year lying ahead and combining it with some vision. The first few weeks that followed was hectic! I spent 2-3 hours each with former chairmen – At Smit, Willie de Wet, Philip Botha, Paul Roberts, Willie Marneweck and Lou Coetzer. (Hennie Ackermann is still part of the Committee so I'll tap into his wisdom during our regular MC meetings). I also wanted to have a first hand update on Tambotie and the website – therefore another 2-3 hours each with Louw Trichardt and Leon Wolmarans. All this is equivalent to 3 full days at work!

Dan was daar al die voorbereidings en planne om die inkoop van Bestuurslede te kry tydens twee BK-vergaderings, voorafgegaan deur agendas en opgevolg met baie insette met die notules. Daar was na die AJV ook reeds twee maandeinde-vergaderings – die eerste die naelbyt-ene by Adams & Adams.

Tussen-in talle telefoongesprekke met Louw, Leon, en dagbestuurslede oor alles en nog wat – Tambotie, webwerf, skep van biblioteek- en inligtingsdienste, ledelyste en hantering van onopbetaalde lede, die jaarlikse uitstalling, en opvolg ten opsigte van sprekers (laasgenoemde sluit telefoongesprekke en fisiese besoeke aan sprekers in). Dan is daar die verwysde eposse van allerhande persone wat navraag doen oor opleiding, herstelwerk, ens. wat geantwoord of verwys moet word. Intussen is daar boeke of ander items ten bate van die vereniging wat ek moet gaan oplaai. Voeg hierby die feit dat ek elke byeenkoms van die meubelmakers sowel as draaiers bygewoon het. En nou nie meer as die ontspanne gewone lid nie – nee, nou as't ware om ook 'n vinger op die pols te hou van hoe dit binne die belangstellingsgroepe gaan.

Dan was daar ook die gedagte aan mentors wat leiding gee – Louw Trichardt met sy "slypskool", en Reinald Böhringer wat aangebied het om onervare draaiers te help met raad. Intussen het die idee omtrent mentorskap momentum begin kry onder die meubelmakers onder aanvoering van Willie Marneweck. Ek het natuurlik beide nodig gehad, maar het ook nodig om as verantwoordelike beampte te evalueer hoe goed dit hiermee gaan. O ja, en dan is daar ook die navrae en onderhoude met verskaffers.

Taking the various events into consideration, the formal meetings (month-end, interest groups, mentorship, and management committee) added up to 10 events, the one-on one's with our newsletter editor, webmaster and ex-chairmen another 9-10 meetings, with another 6 ad hoc meetings to date – all of these in just TWO months! As you can imagine these took a significant slice out of my diary, bearing in mind that I am not yet on pension, over and above being responsible for the affairs of other associations as well. However, I am not complaining. Actually, I am quite glad about all of this, as it forced me up a steep and intensive learning curve; it has given me exposure to the tremendous depth and breadth of insight from so many experienced members and leaders and I trust that this will be reflected in the rest of my term.

Enkele waarnemings en opmerkings:

Die Bestuurskomitee (BK) het in samewerking met die Webmeester besluit dat die sakelys en agenda van BK-vergaderings op die webwerf geplaas sal word ter wille van belangstellende lede. Dit is die "hartkamer" en as u belangstel in die besprekings en besluite, lees dit gerus op die webwerf! Die sakelyste en notules van sowel die Februarie- en Maartvergaderings is reeds op die webwerf (kyk by Member's Area).
Ons beoog en ondersoek vernuwende maatreëls om groter bywoning, deelname en skakeling tussen ons lede te bewerkstellig. Eerstens is dit nodig dat alle lede mekaar minstens kan herken. Ons aanvaar dalk dat ons mekaar almal ken, maar 'n klompie navrae onder lede oor "wie is daardie persoon nou weer?" het my terdeë laat besef dat ons mekaar nié ken nie! En boonop weet ons nog minder wat ons lede doen, waarin hulle belangstel, en wat ons onderling by mekaar kan leer. 'n Logiese oplossing is om 'n foto van elke lid langs sy/haar naam op die ledelys te plaas. 'n Verdere stap is om 'n bondige persoonlike profiel van elke lid te bekom - en dit dan uit te brei met 'n penskets (langer oorsig) oor die indiwidu, en sommer ook foto's te plaas van items wat as "huiswerkprojekte", Projek Plank, Aids & Gadgets, items vir uitstalling/beoordeling by vorige jaarlike uitstallings, of wat andersins deur die spesifieke indiwidu gemaak is. Ek is regtig van mening dat ons skielik sal besef hoeveel raakvlakke en aanklank ons by mekaar sal vind. Dit is sekerlik een van die beste "katalisators" om gereeld by mekaar te kuier, raad te vra, ens. Die fotonemery het reeds begin. Ek wil almal asb. vriendelik versoek om gewilliglik saam te werk hiermee (daar is enkele lede wat verseg dat hul foto's geneem word!)

Diegene wat 30 Maart se byeenkoms bygewoon het, sal reeds weet dat Projek Plank asook Aids & Gadgets vanjaar voorsiening maak dat elkeen billik kan meeding – binne 'n spesifieke kategorie, asook binne 'n gepaste vaardigheidsvlak. Daar sal natuurlik steeds algehele wenners wees, maar ELKEEN kan nou deelneem sonder daardie gevoel van "wat help dit tog?" wat soveel lede vantevore laat besluit het om nie eers te probeer nie. Verdere inligting sal verskaf word by komende byeenkomste. Die datum vir Aids & Gadgets is 27 Julie, en Projek Plank op 31 Augustus.

Die temas vir maandbyeenkomste is kortliks as volg: 4 Mei – Hout (verskeie aspekte en sprekers); 25 Mei – Tydperkmeubels (internasionaal, met spesifieke inset ook oor SA); 29 Junie – Restoureerwerk. Laasgenoemde twee geleenthede het nie net kundige sprekers nie, maar daar sal ook 'n paneel van deskundiges wees (lede sowel as nie-lede) wat die vrae van lede sal beantwoord.

By die Meubelmakers- sowel as Draaiwerkgroep se Maart-vergaderings was die gedagte aan MENTORSKAP geopper. Daar is baie beslis 'n groot behoefte by onervare lede om kers op te steek by ons mees ervare lede. Ek is baie bly om te sien dat daar "beweging" in die regte rigting is. Dit is 'n inisiatief wat ek en die BK baie sterk ondersteun. Dink asb. aan jou eie posisie – kenner of leerling – en deel jou gedagtes asb. met my. Ek vertrou dat ons 'n omvangryke program sommer spoedig op dreef sal kry. Daar is egter 'n behoefte aan meer as

mentorskap-projekte. Daar is ook behoefte aan sistematiese vakkundige opleiding. En dan is daar baie nuwer lede wat nog glad nie oor toereikende werkswinkels beskik nie. Vir diesulkes is daar 'n groot behoefte om sekere, of dalk al hul werk te kan doen by lede wat gewillig is om fasiliteite beskikbaar te stel. Die verwagting is nié dat dit sonder toesig of gratis hoef te wees nie. Dink asb. hieroor, want ek wil binnekort met lede hieroor begin gesels.

Baie dankie vir 'n ieder en 'n elk se betrokkenheid. Geniet die maand wat voorlê se aktiwiteite, en onthou – houtwerk is 'n heerlike passie en prioriteit, gee dus genoeg tyd en aandag daaraan!

Tot volgende keer,

Jêhan

'n Spesiale Mentor

By die lees van die Voorsitter se bydrae kon ek nie help om aan 'n baie spesiale mentor te dink nie.

Ek het onlangs met een van ons lede 'n onderhoud gevoer. (Sal spoedig 'n artikel hieroor publiseer) Die man het vertel dat hy na standerd 6 besluit het om weg te bly van verdere skoolhoutwerk, want- die houtwerk-meneer het hulle sommer met 'n plank geslaan om boodskappe tuis te bring. Teenoor die voorafgaande het ons voorsitter gemeld dat sy houtwerkonderwyser 'n liefde vir houtwerk by hom laat posvat het.

Hierdie uiterstes het my laat dink aan 'n houtwerk-onderwyser wat sekerlik in ons vereniging hoog aangeskryf moet staan. Van die kinders wat hy onderrig het, en by wie hy hopelik 'n sin vir ordentlike werk tuisgebring het en seker ook 'n liefde vir houtwerk tuis gebring het is, of was, 5 lede van die Houtwerkvereninging van Pretoria.

Mnr. I. Smit, wat aan die einde van 1956 vanaf die Hoërskool Zeerust verplaas is, was die onderwyser (natuurlik in baie verskillende jare) van At Smit, ere- en stigterslid, Louw Trichardt, erelid en Chris Vosloo, lid. Dan was daar ook nog Sakkie Hattingh en Bertie Driescher, wat tot redelik onlangs nog lede was.

Ek glo dat my skoolvriende sal saamstem dat "Boesak" 'n spesiale man was.
(Dit word vertrou dat heelwat van ons lede, op die een of ander wyse, by die mentorskappoging, wat die vereniging van stapel gestuur het, betrokke sal raak. Oor-en-weer kan ons baie by mekaar leer.)

Hoof-maandvergadering: Maart 2016

AANKONDIGING – 'n Nuwe boek oor Suid-Afrikaanse houtsoorte

(Deur Lou Coetzer



Hierdie boek is 'n eerste in Suid-Afrika. Dis 'n boek in beide Afrikaans en Engels oor die hout van die bekendste inheemse boomsoorte en enkele uitheemse bome wat kommersieel in Suid-Afrika verbou word.

Die boek word deur **Briza** uitgegee en die skrywers is **Stephanie Dyer**, **Barry James** en **Danielle James**. Die uitgewers mik om die boek iewers in Junie vanjaar vry te stel.

Meer as 120 spesies se hout word in die boek bespreek. Die uitleg is sodanig dat daar twee bladsye per spesie gebruik word. Die inligting per spesie sluit die volgende in: die wetenskaplike naam, populêre naam, 'n kort beskrywing van die boom en enkele

ander kenmerke, gebruike van die hout, menings van ander gebruikers van die hout, foto's van items gemaak van die spesifieke houtsoort, tabel met houtkenmerke, hoe die hout anatomies geïdentifiseer kan word, foto's van radiale, tangensiale en dwarssneë, met laastens eienskappe van die hout vir gebruike.

Daar is ook hoofstukke oor hoe om die hout anatomies voor te berei en dan te identifiseer, hoe hout gesaag en gedroog word, asook hoe die hout vir verskillende gebruike afgewerk en afgerond word.

Ons sien baie uit na die publikasie van hierdie boek. Dit sal voorwaar 'n aanwins vir alle gebruikers van inheemse houtsoorte wees, asook 'n pronkstuk op my boekrak.

Na hierdie kort aanbieding van Lou het Leon Wolmarans voortgegaan met 'n interessante aanbieding oor hoe die web werf van die vereniging deesdae daar uitsien. Die volgende is van die belangriker aspekte wat aangespreek is:

- Hy het eers oor die algemeen gepraat oor die veranderings wat aangebring is, en nog beoog word..
- Hoe lede van die vereniging toegang tot die "lede" se gedeelte van die werf kan verkry.
- Die werking van die biblioteek wat die vereniging aan die stig is. Dit is die moeite werd om hierna te kyk en die stelsel te begin gebruik. Die hele stelsel is nog nie volledig aanlyn beskikbaar nie. Dit word geglo dat alles al gladder sal verloop soos meer van ons hierby betrokke sal raak.
- Die versoek om te help met die katalogisering van al die boeke en tydskrifte. Hierdie aspek het al redelik gevorder. Die aanlyn lede moet tog maar met Leon skakel en help om hierdie taak voltooi te kry. (As 'n klomp mense elk 'n klein bietjie doen is dit nie nodig dat 'n paar hulle moet doodwerk nie!)
- Leon het ook gepraat oor wat hy (hulle) doen om die videostelsel te verbeter.

Some Thoughts on Workshop Crawls

Quite a few years back, Workshop Crawls used to enjoy a special place on the yearly calendar of the association. For reasons unknown this event fell by the wayside. However, the possibility to get Workshop Crawls back as one of our activities is seriously discussed by our committee. Any progress on this will be reported when available.

So as to whet your appetite, I want to share a recent experience of mine that may be able to illustrate how our members can benefit by visiting the workshop, or workshops, of others.

Recently I had to accompany Ben Prinsloo on an errand. When I arrived at Ben's place he was working in his workshop. What a pleasure to see all those tools; a lot that I would love to own myself! However, the best part was that I saw solutions to problems that I have been turning over in my mind for years without ever coming up with a viable solution. The problems I am referring to are:

- **The no 13 socket**. I don't like to work on motor vehicles, but we all need to fix machines and to tighten various nuts and bolts. To keep my spanners and sockets, as well as pliers and other odd tools, I use an ordinary steel toolbox. However, have you ever noticed that, no matter how hard you try, the sockets cannot be kept neatly in a row of some kind so that you may locate the right size without much ado? And isn't it strange that it is always the number 13 socket that is needed and missing? (I had to buy a new 13 a week ago!) Well, Ben showed me a gizmo that you can buy at Macro. With this you can clip all your sockets onto a neat bar, everyone in its right place for easy reference and so prominently that one glance will show if all are there! The photo below gives a fair idea of what a tool drawer may look like, once you have installed the bracket to line up all your sockets.

Unfortunately, you won't find the 13 socket in the Imperial drawer! However, the metric drawer will be very similar! (A spare bracket can be seen just below the red plastic item,)

- **A big improvement on an ordinary woodworker's vice.** I built my own workbench in 1972. I fitted an ordinary woodworker's vice and enjoyed my woodworking ever since. Lately I paid visits to the workshops of Steve Prinsloo and Neville Comins, and became aware of all the pros of having access to a ***proper*** work bench. ***(The next issue of Tambotie will have more on this.)*** One of the main items to make a bench ***"proper",*** is to fit a proper vice or, for that matter, vices. To retrofit a pucka vice can be a daunting task that will cost a lot of money. Ben has pretty much the same vice that I have, but he had the insight to modify it to such an extent that it can do a much better job than before **(My own copied, and perhaps slightly modified, modification** is definitely on its way, I just need a suitable piece of wood for a decent plant on jaw.)

A photo showing the wooden jaw that Ben added to the metal jaw of his vice

- **Light in the dark**. I have reasonably good lighting in my workshop. However, it is very strange that, especially as you grow older, the place where the blade meets the line or mark on the wood, will always fall in a shady spot. Once again Ben had a very simple solution with LED's, due to the fact that he could think out of the box that I was in. He even showed me where you can purchase a wide variety of reasonably priced LED's to meet most needs to get dark spots lit up.

It is hoped that the above may show that we actually need to get into each other's workshops to pick up valuable tips and, at the same time, get to know each other better. Workshop Crawls, in itself, can be an invaluable tool when it is used properly.

Kabinetmakersbyeenkoms Maart 2016: Prysberaming van Winsmakende Projekte

Ons het hierdie byeenkoms begin deur eerstens te kyk na die dieptemeters wat vir huiswerk gemaak was. Weens verskeie probleme was daar maar min van hierdie projekkies klaar en gevolglik is toe besluit om hierdie huiswerk tot die April vergadering te laat oorstaan.

Sommige van die dieptemeters – wat darem klaar gekom het

At the February meeting, it was decided that we would make a fun project in the form of a folding picnic table. Dries du Toit, obtained some material and hardware on behalf of some of us and handed it

over to those who ordered. Dries also gave further explanations on the wherewithal of the actual construction of our next fun project.

Udo besig om sy bring-en wys artikel te vertoon met Willie wat toekyk

We then got stuck into the real subject of the day namely, how to calculate a price where you have to do a project for someone who has to pay for it. From the various presentations, as well as the ensuing discussions, it was clear that this is a subject about which woodworkers have widely divergent views. Most of us are merely hobbyists doing limited work for payment. The tendency is mostly to get the paper work done as soon as possible, perhaps, without a proper thought process to ensure that all salient cost factors were indeed considered. However, it was also clear that those of us who were seriously involved in woodwork for a living, had given it some more thought. Consequently, they came up with more sophisticated methods on costing, taking into consideration a wider range of aspects such as labour costs, taxes, warehousing and so on, over and above the cost of materials and your own time

The next few paragraphs will cover the costing approach followed by some of our members. All of them seem to be reasonably happy with their own systems, and they are convinced that they make money without robbing the customers.

Dries du Toit.

Hy noem homself: "Die gryskop omie wat in sy motorhuis besig bly en genoeg verdien om 'n paar ekstra beitels aan te koop".

'n Excel sigblad word gebruik om die koste van die materiaal te verreken. Hy sit so 5% by die prys van die materiaal en raai hoe lank die projek sal neem en kwoteer dan met die prys vir arbeid ingesluit. Hierdie is glad nie wetenskaplik of eksak nie. 'n Ander persoon wat meer vaardigheid het, gaan minder ure werk, maar meer per uur kwoteer. Hy maak nie van handlangers gebruik nie.

Hennie Ackermann

'n Afgetredene wat ernstig meubels en kaste maak en ook restoureerwerk vir 'n aanvullende inkomste.doen.

Hennie maak 'n kosteberaming van die materiaal wat hy nodig het, vermenigvuldig dit met 2,5 en kwoteer op daardie prys. Hy voel egter dat 'n faktor van 3x deesdae beter sal wees, veral in die geval van soliede hout of fineer wat herhaaldelik gevernis en geskuur moet word.

Hy maak soms van handlangers gebruik om die afskuurwerk vir restourasies te doen. Hierdie koste word dan by sy kwotasie ingesluit.

Vir die restourasie van riempie eetkamerstoele, sonder die riempies, vra hy 'n standaard tarief afhangende van die aard van die skade, hetsy net mooi maak of totaal uitmekaar haal en weer saamstel, wat soms die gebruik van 'n handlanger insluit.

Bram van de Minkelis en Stefan Hefer

Bram is die eienaar van ***Van de Minkelis Design Furniture***. *Hy* het met 'n Excel sigblad gewerk om sy totale koste uit te werk. Die sigblad het egter met die steel van hul rekenaartoerusting verlore geraak. Deesdae kwoteer hulle ook op 2.3 x Materiaalkoste.

As gevolg van die besigheid moet ook vir BTW, Brandstof, Salarisse, oorhoofse koste, elektrisiteit en instandhouding van toerusting voorsiening gemaak word. Weens hul uitgebreide ondervinding in die bedryf is hulle kwotasies altyd in die kol.

Bram maak van werkkaarte "Jobkaarte" gebruik en het na die afhandeling van 'n projek, 'n volledige geskiedenis van kostes en arbeid.

Willie Marneweck

Willie het baie jare lank 'n meubelfabriek bedryf. Daar was nie 'n produksielyn nie. Doelgemaakte artikels het prysberamings vir elke kwotasie geverg. Sy basiese benadering was dat die materiale vir 'n bestelling net gebruik word as 'n medium om die produk te produseer en slegs 'n hanteringsfooi regverdig (sê 15%). Die besigheid is om toegevoegde waarde by die materiale te sit.

Toegevoegde waarde word verkry uit arbeid. Alle arbeid word teen uurtariewe "verkoop", wat afhang van die loonvlak van die werker. **Sulke uurtariewe word bepaal deur 'n totale begroting vir 'n jaar vorentoe op te stel. Dit sluit alle verwagte kostes, lone, eie salaris, wins, oorhoofse kostes, ens. in.** Deur die "verkoop" van man-ure ***(toegevoegde waarde)*** word inkomste verdien. **Die kern is dus die bepaling van uurtariewe.**

Wat materiaal betref word net direkte materiaal soos hout, hardeware, verf, ens. ingereken, en nie items soos skuurpapier, skroewe, lym, ens. nie. Lg. val onder oorhoofse koste, maw. onder die uurtarief. Soliede hout word beraam en minstens 30% ekstra ingereken vir afval en verliese. Fineer borde sowat 20% ekstra.

Om die arbeid inkomste op 'n projek te beraam moet die projek in al sy werkstappe afgebreek word. Die aantal ure vir elke werkstap teen die ooreenstemmende uurtarief getotaliseer gee die arbeids verkoopkoste. Dit plus die materiale is die kwotasie prys.

Om beramings te bespoedig het hy Excel programme ontwikkel vir sekere generiese produkte soos muur eenhede, kroeë, ens. Nie-generiese items se pryse is m.b.v. 'n werkafbraak metode beraam. Dit is hoe dit in die fabriek gewerk het.

Deesdae doen Willie aan en af projekte vir kliënte in sy werkswinkel by die huis. Hy bly by die prysberamings metode wat in die fabriek gebruik was. Dit is beraming van materiale plus sy eie arbeid teen R200 per uur. Hy is nie 'n voorstander van die beramings metode om materiale met 'n faktor van sê 2.5 te vermenigvuldig nie. Party projekte is arbeids intensief, bv. Stoele, terwyl ander weer materiaal intensief is soos bv. kabinette.

Hy het 'n paar uitgangspunte:

- "Rather loose the job than on the job"
- Moenie verwag dat iemand meer moet betaal vir jou gebrek aan ervaring nie

Draaiersbyeenkoms by die Scoutsaal op 2 April 2016

Deur Johan Labuschagne.

Weens al die vakansiedae moes hierdie byeenkoms aangskuif word na 2 April. Die gevolg van die verandering van datums, was dat slegs 19 lede bygewoon het. Dit was baie jammer aangesien die afwesiges 'n waardevolle aanbieding, deur Willie de Wet, misgeloop het.

Willie het eerstens aan ons gedemonstreer hoe om perfekte ronde balle op drie verskillende maniere te draai. Die eerste metode was om 'n spesiaal aangepaste beitelklamp te gebruik wat op 'n vertikale as, wat op die draaibank se bed vasgeklamp word, te gebruik. Die tweede was om dit vryhand te doen deur die hout tussen die vaskop en loskop vas te klem. Die derde manier is om dit soortgelyk vas te klem, maar om 'n pyp of gatsaag te gebruik om die draaiwerk mee te doen.
Met die eerste manier moet die beitelklamp op die bed so vasgeklamp word dat die draai-as, wat die beitel vasklem, presies in lyn met die spindellyn is. So nie is die bal nie rond nie maar ellipties en lyk soos 'n rugbybal. Die beitel se snyvlak moet ook gelyk wees met die hoogte van die senterpunt. Die beitel wat om die vertikale as kan swaai, word dan gebruik om die kante van die voorgenome bal te vorm en word geleidelik vorentoe gestoot totdat die bal tot die beplande deursnit gedraai is. Daar bly 'n deeltjie van die hout oor aan die kante. Die bal word verwyder en dwars tussen twee hol houers, wat vooraf gedraai is om die bal aan weerskante vas te knyp, tussen die vas- en loskop,geplaas, sodat die oorblywende deeltjie van die bal afgerond kan word. As hierdie verduideliking te ingewikkeld klink, moet Willie dit maar weer eendag vir die manne wat nie daar was nie wys . Dalk het Leon nog 'n video van die proses.

Die vryhandproses werk dieselfde, behalwe dat 'n mens die ronding met die oog moet vorm wat nie so maklik is nie. Willie het dit egter maklik laat lyk.

Die laaste metode is ook baie eners, behalwe dat mens dan in plaas van ’n beitel, ’n ronde dun pyp, maar verkieslik ’n gatsaag se ronde lem gebruik. Die gatsaag is van ’n harde staal en die tande word met ’n slypwiel afgeslyp en dan op ’n plat vlak gelyk geskuur wat ’n braam vorm aan die binnekant van die ronde pypvormige gatsaaglem. Maak die hout eers naastenby rond met ’n beitel en druk daarna die lem teen die draaiende hout sodat die binneste snyvlak ’n perfekte ronde bal van die grootte van jou keuse kan vorm. Haal die halfvoltooide bal uit die klampe en draai dit dwars om net soos in die geval van die ander metodes die deeltjie wat die beitel (gatsaag) nie kon bykom nie, ook rond te draai. Wees versigtig om nie die bal kleiner te maak as die binnemaat van die gatsaag nie, anders kan die bal vasslaan binne in die opening. (Sit ’n langerige bout deur die gatsaagdeksel se gat om dit deeglik vas te hou en te dien as ’n handvatsel. JL)

.

Hierna het Willie vir ons sy gesegmenteerde pen gewys. Hy het die segmentasie nie die voorgeskrewe 90 grade geswaai soos David Malan op ons vorige byeenkoms aanbeveel het nie. Hy beskou dit as sy eie unieke ontwerp, wat nogal baie mooi lyk. Hy het probleme ondervind met die dikker tipe Superglue wat hy gebruik het en beveel die dunner tipe aan om die harder swart-ivoor skyfies in die ligter hout se groefie vas te lym. Die feit dat die donker harder hout nie so maklik afskuur as die ligter hout nie, skep ook probleme as dit by die afwerking van die item kom. Dit is omdat die harder hout ’n riffie vorm wat bokant die ligter hout uitstaan.

Na Willie se interessante aanbieding oor balle, was hy nog lank nie klaar nie en het hy boonop ’n tweede aanbieding gedoen oor die aanwend van groewe (fluting) aan verskeie bakkies wat hy rondgestuur het. Weer eens het hy verskillende metodes gedemonstreer.

Een benadering is om ’n vaste kurwe met konstante radius te gebruik vir die diepteskaaf (router) se snyer waar die diepteskaaf in ’n “wieg” gemonteer is. Die diepteskaaf word vasgeklem sodat dit ’n eenvormige keep in die hout sny vanaf die as tot op die rand. Die aantal kepe kan bepaal word deur die indeksstelsel te benut om kepe tussen die bestaandes by te voeg om ’n reëlmatige patroon op die item aan te bring.

Willie verduidelik hoe die diepteskaaf die profiel op die bed volg.

Die gids, wat op die draaibank bed pas, van bo gesien.

’n Tweede metode is om die buitelyne van ’n item op ’n plankie af te teken deur ’n skietlyn vanaf die buitelyn vertikaal te projekteer op die plankie wat daarna as gids gebruik word om die dieptesaag se snylyn te bepaal.

Na die pouse het Braam enkele aankondigings gemaak. Die belangrikste was dat ons volgende byeenkoms op 23 April sal plaasvind weer by die Scoutsaal. Die daaropvolgende een sal by Leon Langenhoven op sy plot wees op 28 Mei. Daar sal verskeie draaibanke teenwoordig wees waarop veral nuwe lede deur meer bedrewe manne touwys gemaak sal kan word. Benewens die draaigeleentheid sal ons die alombekende braaigeleentheid en interessanthede by Leon-hulle kan geniet, wat al ’n instelling geword het.

Na die gewone aankondigings het die persone wat huiswerk gedoen het, hul skeppings aan ons gewys.

Leon Langenhoven het sy yslike plat bak, van ’n moepel knoets, gewys wat hy gelas het om ’n interessante koffietafel- of muurversiering- te vorm vir mense wat in “Top Billing” huise woon. Verder het hy ook ’n pragtige lampie vertoon wat uit koperpyp en ’n ou primusstofie gebou is. “Dit kan wel as ’n draaistuk gereken word aangesien die bodem en proppie wel gedraai was uit kiaathout”, het hy skertsend opgemerk.

Andrew Bourke het een van sy pragtige gekerfde bakkies vertoon asook ’n groepie van vier dun gedraaide, baie elegante knoetshout bakkies.

Reinald Böhringer kon spog met een van sy mooi gesegmenteerde pepermeulens waarvan die inlegwerk wel 90 grade gedraai was soos David aanbeveel het.

David het ’n mooi bakkie van Jakarandahout vertoon.

Johan het sy groot dubbele bak van dakspaanhout gewys en vertel waar die hout vandaan kom.

Willie Marneweck het ’n tafelpoot van wilde kastaiing (Calodendrum capense) vertoon en verduidelik hoe krities die vashegting van die drie voetstukke is wat onderaan geheg moet word. In die ou dae is ’n staal plaatjie gebruik om te voorkom dat die spreidende voetstukke uitmekaar skuif en van die sentrale kolom wegbreek. Die metode wat hy gebruik, voorkom hierdie nadeel.

Kort voor ons opgepak het, het daar ’n gesprek ontstaan oor ons biblioteek en die uitleen van boeke. Leon Wolmarans het aan die lede wat nie die vorige Hoofvergadering bygewoon het nie, verduidelik dat hy 'n biblioteekstelsel op ons webwerf geïmplementeer het. Dit sal lede toelaat om 'n katalogus van ons versameling van etlike honderde boeke en tydskrifte te besigtig en daarin te soek volgens outeur, titel, sleutelwoorde ens. en items uit te neem. Hy het reeds self 'n klomp van die boeke volledig of gedeeltelik gekatalogiseer en op die stelsel beskikbaar gestel as 'n toets. Hy versoek lede om te help om hierdie reuse taak af te handel. Indien elke lid selfs net tien boeke of tydskrifte katalogiseer kan die taak redelik vinnig voltooi word. Drie van die lede het aangedui dat hulle bereid is om met die taak te help. Leon het sy teleurstelling uitgespreek dat daar so min lede is wat kan help. Hopelik sal meer mense tog wel betrokke raak.

Redaksioneel

Redakteur: Louw Trichardt

Adres: Posbus 50606,
Wierdapark, 0149